

5 Junie

Skrifgedeelte: Esra 3

Fokusgedeelte: Esra 3:10 en 11

Vier fees omdat die fondament gelê is

Nadat die Israeliete uit ballingskap teruggekeer het, het hulle nie gewag om met hulle diens aan God te begin tot na die tempel voltooi was nie. Nee, hulle het dadelik, op die plek waar die altaar van die tempel van Salomo gestaan het, weer 'n altaar gebou sodat hulle aan God offers kon bring.

Die belangrikste hier is nie die bou van die altaar nie, maar die feit dat hulle wel met oorgawe die Here wou dien om sodoende hulle dank en afhanklikheid aan Hom uit te leef. Tog was dit vir hulle 'n grootse en heuglike dag toe hulle die fondament kon voltooi. Met groot vreugde het hulle saam hulle dank aan God gebring.

Ook ons hoef nie 'n tempel (kerk) te bou nie. Ons hoef nie eers 'n fondament te lê nie. God het die enigste en ware fondament reeds gelê, naamlik Jesus Christus. Hy het ons harte die tempel van die Heilige Gees gemaak. Hierdie tyd wat die volk gebruik het om die fondament te lê en die tempel te herbou, kan ons gebruik om Hom met groter oorgawe te loof en te prys.

Laat ons, binne sy groot bouwerke onder en in ons, Hom eer en verheerlik. Laat ons God, met alles in ons, met oorgawe loof en prys.

Dit is al wat ons Hom uit dank vir sy genade kan bied, nie omdat ons moet nie, maar omdat Hy so goed is vir ons. Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Sing: Psalm 136:1, 2 en 3

Ds PG Geertsema (Pretoria-Brooklyn)